WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 | September 1997 | Vol. 31

# GEREFORMEERD LEEF IN AFRIKA

## Ons leef in Afrika

Is die daarstelling van 'n gereformeerde dagblad 'n te groot droom? Die vraag is nie of dit haalbaar is nie, maar of dit noodsaaklik is. En dit IS noodsaaklik. Dalk nou meer as ooit, wanneer dit die onwaarskynlikste lyk. Veral nou, in Afrika waar beginsels gou geoffer word ter wille van ekonomiese oorlewing. Dit is nodig om die probleme van Afrika vierkantig in die oë te kyk. Dit is waan om te dink dat krag in isolasie lê.

## Uitbou van blad

"Waarheid en Dwaling" is besig om sy vere reg te skud vir uitbouing. Die vraag na 'n gereformeerde dagblad is dieselfde as die vraag na die noodsaak van 'n gereformeerde lewe.

Wat het van gereformeerd leef geword - in Afrika? Ons praat baie oor die Gereformeerde kerk as kerkverband, ook die voortbestaan en uitbouing daarvan. Ons mag egter nooit vergeet wat ons as gereformeerdes ten diepste bely nie: God is lewe, en ons lewe behoort in alles aan Hom. Daarom moet ons die skanse en walle wat stelselmatig opgerig is, daadkragtig afbreek en die reformasie doelgerig uitbou. Daarom sal 'n publikasie wat uitsluitlik dáárop ingestel is, 'n groot behoefte bly. Hieraan wil "Waarheid en Dwaling" diensbaar wees. Ons het een slagspreuk: Die Vader se eer, een strydkreet: Christus is die Here van alles. Soos die bewustheid groei aan die noodsaak van gereformeerd leef, so sal die behoefte aan 'n dagblad ook groei. "Waarheid en Dwaling" wil hierin 'n rigtingwyser wees.

## Uiterstes raak mekaar

Wat ons nie is nie moet duidelik uitgespel word. Ons is nie Rooms, of sogenaamd "Charismaties" nie. Die reformasie word altyd van dié twee kante bedreig. Van Roomse kant sukkel ons steeds met die twee kompartemente van kerk en wêreld. Baie mense is moeg vir die stryd in die wêreld en probeer net van die kerk(verband) 'n veilige hawe maak. Ons mag hierdie siening van die kerk vir God en die wêreld vir die satan, nooit aanvaar nie. Ons hele belydenis spreek van die teendeel. God is die Skepper - dis sy aarde dié. Die kerk (lidmate) in Afrika sal ontworstel moet word aan hierdie dwaling van gereformeerde roomsheid om God "in te perk" tot die kerkerf. Dit blyk uit die aanvaarding van predikants- en ouderlingskerke waar die amp van die gelowige grootliks verdwyn het.

Met indringende artikels oor die amp van die gelowige en veral die wye omvang van ons roeping voor God, gaan "Waarheid en Dwaling" probeer om leiding te gee oor hoe die Rooms-Katolieke dwaling van die skeiding van genade en natuur steeds pogings tot gereformeerd leef lam lê.

## Wederdopers

Die reformasie is nog altyd van regs gebyt deur die wederdopers (die anabaptiste). Deesdae het hulle kitare, selgroepe, mooi vroom voorwendsels, nuut opgewarmde ou skewe idees, maar in hulle kern bly hulle niks anders as verbondsveragters nie. Dit is mense wat die dwaling van Rome nou net anders uitleef. Hulle wil die hele wêreld verkerk. Hulle wil God "na die wêreld" bring. Dit is hulle wat die kerk by die wêreld wil laat inpas. As jy die wêreld wil verkerk, het jy geen ander keuse as om

### *In hierdie uitgawe:*


- ★ Gereformeerd leef in Afrika ........ 1
- ★ Skrifoordenking: Ds. G.J. Meijer ........ 2
- ★ Mediese Etiek (1) Dr. J.M. Boon ........ 4
- ★ Die ware en die valse kerk Prof. V.E. d'Assonville ........ 5
- ★ Op Pad na Sinode 2000 Dr. J.G. Meijer ........ 7
- ★ Deist: die nalatenskap G. Opperman ........ 9
- ★ Boekbekendstelling ........ 11

eers die kerk te verwêrelds nie -' en dit is geen ware reformasie nie. "Waarheid en Dwaling" gaan poog om hierdie skynheiligheid aan te toon by die hedendaagse wederdopers, en om te wys dat hulle inderdaad uiters skadelik is vir die uitbreiding van die koninkryk aangesien hulle die gesag van Christus individueel, en nie verbondsmatig oor sy skepping sien nie.

Ons moet weet ons veg op een front met twee vyande. Na links die Roomse denke in ons kerke, die skeiding van kerk en die res van die lewe. Na regs die sogenaamde charismate wat alles weer onder een sambreel wil indruk. Geen vordering sal gemaak word as hierdie twee dwalings nie as die pes uitgewys en nekom gedraai word nie.

## Nee! uit Ja!

Aan die anderkant sal vordering egter ook uitbly as daar net in die negatiewe verval word. Dat mens ten regte bekommerd is oor dinge wat in die kerk skeef loop (en daar is nogal deesdae baie), moet ons nie verlei om te dink godsdiens is net klaagliedere nie. Daar moet belydend antwoorde op hedendaagse vrae gebied word. Hierdie antwoorde moet uit die Skrif opgediep word, sonder om die gesag van die Skrif aan te tas. Daarom sal vars eksegese van die Heilige Skrif noodsaaklik wees. Ons sal weer moet luister wat God van sy wêreld en sy gesag sê in ons tyd. Die Skrif gaan oor meer as die kerk. Dit gaan oor God, ons saligheid en sy eer. Dit is gereformeerd leef.

## Amp van die gelowige

Om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk om gereformeerd te leef, gaan ons deurentyd sekere temas aanspreek. Ons wil bepaal wat dit beteken om na die beeld van God geskape te wees. Hoe ons in God se wêreld inpas. Verder wil ons sien dat die reformasie in die gereformeerde kerke uitgebou word. Dit word gedoen as die deformasie van die amp van die gelowige teengewerk word. Daarom wil ons kyk na die erediens, huisbesoek, skrifgesag, toetsing van sinodebesluite. Hoe moet ons gereformeerd leef in huwelik, gesin en skool? Ons wil ook etiese kwessies aanspreek van die mediese sfeer tot by gereformeerde politiek (iets wat Suid-Afrika helaas nog nooit geken het nie). Kortom: "Waarheid en Dwaling" word gerig op stimulering van die amp van die gelowige, hoe ons profeet, priester en koning van en vir God kan wees in Afrika.

## Oud en nuut

Gereformeerd leef is oud en nuut. Dit is die skatte in erdekruike, die heerlike evangelie van God, gebring en verkondig deur geredde sondaarmense. Ons het soveel om uit die verlede te haal, en ons het so baie om in die toekoms nuut op te bou. Beide is belangrik. Die een sluit die ander nie uit nie. Gereformeerd leef is nie werklikheidsvreemd nie, maar werklikheidsbepalend. Daarom gaan gereformeerd leef ook spanning bring. Die hele samelewing MOET hervorm word na God se Woord. Christus het vir niks minder as dit gesterf en opgestaan nie. Konflik is ook deel van reformasie. Dit kan haas nie anders nie. Waar Christus se gesag oor sy skepping uitgeleef en erken word, daar sal die satan sied en tier. Aan meelopers en aanhangers het hy nog nooit 'n tekort gehad nie. Stryd mag ons egter nie afskrik nie. Ons veg na die kruis van ons Here reeds as oorwinnaars. Hierdie lewenstryd gaan fel wees. En die eerste skermutseling gaan plaasvind om mense uit eie geledere wakker te skud dat dinge nie kan aangaan soos dit aangaan nie. Die kerk is in 'n krisis - en dis meer as dalende lidmaatgetalle; dit gaan oor dalende asemhaling. Die suurstof wat die Heilige Gees gee, die vervulling van God se Gees deur die Woord, is wat nodig is om hierdie reformasie - durf ons sê- aan die gang te kry.

## Uit dankbaarheid

Ons skree nie "wolf, wolf" nie. Ons hoor die gebrul van die Leeu van Juda. Wie sal nie vrees as God se oordeel op pad is nie? Wie sal nie gedurig hervorm as ons God se redding uit daardie oordeel beleef nie? Gereformeerd leef is dankbaarheid. Daarmee wil ons met hierdie blad beskeie sooie spit totdat met God se genade 'n dagblad kom wat 'n bewys sal wees dat ons gereformeerd wil leef. Gereformeerd leef begin dus by gereformeerd lees.

A.L.A. Buys

* * *

# SKRIFOORDENKING
## Ou Paaie in 'n onrustige wêreld

Jer 6:16 "*Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel*".

Dit is donker op die verbondserf. Die tienstammeryk van Israel is in ballingskap weggevoer. Hulle het die Here tot so 'n mate met hulle afgodery vertoorn dat die regverdige verbondswraak oor hulle voltrek is. Nou word die aandag op die tweestammeryk van Juda gefokus. Satan span sy net om die Dawidshuis, waaruit die Verlosser gebore moet word.

### Vrede, vrede!

Buite die grense van Juda woel dit in die internasionale politiek. Groot magte sê mekaar die

stryd aan. Babel bring Assirië tot 'n val. Egipte blaas moord en doodslag vanuit die suide. Tussenin lê Juda. In die oë van die wêreldmoondhede 'n onbeduidende faktor. God se verbondsvolk is menslik gesproke 'n speelbal in die hande van die wêreldgrotes.

Wat doen die verbondsvolk te midde van die onrus wat daagliks meer word? Hulle praat mekaar moed in. Ook al is hulle broers van die tienstammeryk in ballingskap weggevoer, word daar luidkeels gepropageer: vrede, vrede! Volstruispolitiek? Valse gerustheid? Of ware gerustheid, wat voortspruit uit 'n vaste vertroue in God die HERE?

### Geen druif te vinde

Die profeet Jeremia moet in opdrag van die HERE ondersoek instel of die vredegroep in geloof geanker is. Wat bevind hy? 'n Wingerd wat skoon afgeoes is. Daar is onder die verbondsvolk geen enkele Godsvrug te vinde nie. Die mense se ore is onbesnede: doof vir die Woord van die HERE. Die HERE kan praat en praat, maar dit skeel hulle nie. Profete en priesters, die geestelike leiers, versaak hulle roeping. Hulle is daarop ingestel om bedrog te pleeg. Kinders word van kleins af geleer om hulle eie saak te bevorder. Materialisme en egoïsme vier hoogty.

Vrede, vrede ! Maar die HERE word tot 'n bysaak gedegradeer. Vir party is dit 'n belangrike bysaak. Hulle bring nog hulle offers op die vasgestelde tye. Hulle roem in die tempel. Vir ander is die HERE 'n minder belangrike bysaak. Die eerste tiende word nie eers behoorlik aan die HERE gewy nie; laat staan nog die ander nege tiendes van hulle bestaan. Vir niemand is die HERE meer die Alfa en Omega, die Een en die Al in die lewe nie.

Die vrede-oproep is derhalwe 'n bedrieglike spel. Inderwaarheid is daar geen vrede nie. Geen vrede met God nie, en daarom ook geen vrede in die land en in die internasionale politiek nie. Die HERE se tugroede oor die ongehoorsame res van die verbondsvolk word onteenseglik in gereedheid gebring.

### Dringende waarskuwing: staan, kyk, vra, wandel!

Voordat die HERE met daad tot die tug oorgaan, word sy vermanende Woord - vir die soveelste keer - met krag verkondig.

"So spreek die HERE: staan op die weë". Ongehoorsame volk Juda, hou op met julle bedrieglike vredespeletjie. Leef nie met 'n dolle gejaag blindelings en onbesonne voort nie. Hou stil!

"En kyk." Kyk na die pad waarop julle en julle kinders nou loop. Kyk vanwaar die pad kom en waarheen dit lei. Kyk krities.

"En vra na die ou paaie." Die ou paaie is die beproefde weë wat die Here vir sy volk uitgewys het. Dit is die HERE se duidelike wil, soos wat Hy dit dwarsdeur die Skrif bekend maak. Dit is ook sy wil soos wat dit in die gebeure van elke dag ontvou. Langs dié paaie het Hy sy wet as vaste bakens uitgesit. Op dié paaie het Hy sy profete en priesters en konings geplaas om sy volk reg te lei. Vergelyk die ou paaie met die paaie wat jy tans loop. Evalueer. Toets die roete en die rigting.

"En wandel daarin." In die ou paaie van die HERE moet die afvallige volk opnuut behae vind. Daar moet 'n ingrypende bekering plaasvind. Weg met materialisme en egoïsme. Weg met die bou van eie koninkrykies en die propageer van valse vredespraatjies. Die HERE moet weer die Eerste en Laaste word.

### Rus vir die siel

Brandende ywer vir die HERE sal lei tot rus vir die siel. Dit is 'n belofte van die HERE. Onrus in die land word nie tot bedaring gebring deur menslike planne en praatjies nie. Die ou paaie moet bewandel word, dan kom daar ware rus. Dit beteken geen konserwatisme asof ons moet terugverlang na die goeie ou dae en dink dat daarin ons behoud lê nie. Dit beteken wel dat die HERE in alles prioriteit moet geniet. Dán ontstaan daar vrede. Dán mag 'n mens onvoorwaardelik op die hulp van die HERE reken in 'n tyd van nood.

### Rus in 'n onrustige wêreld

Die taak van die gelowige in hierdie onrustige wêreld is groot. Die christen moet in sy amp van profeet, priester en koning die ou paaie bewandel in 'n nuwe wêreld wat kort-kort 'n nuwe era bedink. Agteroor sit en gelate aanvaar wat gebeur, getuig nie van geloof en gehoorsaamheid nie. Saamswem met die stroom omdat dit die "enigste" manier van oorlewing is, ewemin.

Elke gelowige word in diens van God tot rigtinggewende optrede opgeroep. Dit verg studie. Skrifstudie. Individueel en gesamentlik. Dit verg ook kennis van ons tyd, vakkundigheid, en insig in die verloop van gebeure. Dit verg saam dink, saam praat, saam soek. Die kennis van die Skrif moet die kennis van die lewe deursuur.

### Elke lewensterrein

Ons mag nie in die agterste linies beweeg nie, en ander - dikwels ongelowiges - maar laat voorloop en koers gee nie. Die HERE soek sy strydende

kinders op die front van die samelewing. Die weë van die HERE sal voortdurend in die onderwys, die politiek, die regstelsel, die beoefening van wetenskap, die ekonomie, die mediese beroep, en al die ander lewensterreine moet aangetoon word. Ou paaie in die onderwys is meer as 'n Bybelonderrigperiode en gewyde sang. Ou paaie in die politiek is meer as om 'n vergadering met Skriflesing en gebed te open. Ou paaie in die regstelsel is meer as die gerusstelling dat daar nog enkele christene ook op die regbank sit. Ou paaie moet alles oral heeltemal deursuur.

Sonder voortdurende gebed sal dit nie kan gebeur nie. Vader, lei ons deur U Woord en Gees, sodat ons kan staan en kyk en vra en wandel in die paaie wat oud is en tog altyd nuut bly. En sodat ons U op die pad vrymoedig om U seën kan bly vra en verwag.

**Ds. G.J. Meijer** (Ermelo)

* * *

## MEDIESE ETIEK (1)

Professor J H van den Berg merk in sy boekie "Medische macht en medische ethiek" op dat daar die afgelope eeu 'n beduidende verskuiwing plaasgevind het ten opsigte van mediese kennis en vermoë. Veral laasgenoemde het gelei tot groter mediese mag. Hierdie boekie het meer as twintig herdrukke beleef, veral omdat dit op 'n sterk suggererende manier beskryf wat alles in die moderne geneeskunde moontlik is. Volgens hom was die grondwet van mediese handelinge deur al die eeue dat die dokter die menslike lewe moet behou, beskerm en verleng waar en WANNEER hy kan. Hierdie grondwet het volgens hom verander met die groter mediese mag van die dokter. Die kilheid van die tegniek kan nie versorg nie, sê Van den Berg. Die grondwet het volgens sy oordeel geword: die dokter moet nou menslike lewe behou, beskerm en verleng waar en WANNEER dit sinvol is.

### Onpersoonlike diens

Moderne intensiewe eenhede illustreer iets hiervan: kritieke siek pasiënte word omsingel deur hoë tegnologie en hulle is dikwels gehul in eensaamheid en disoriëntasie. Die volgende geval illustreer hierdie feit:

'n Siek seun van 14 jaar met leukemie word opgeneem in die intensiewe eenheid met dubbele longontsteking. Hy word gekoppel aan 'n ventilator, druplyne word in posisie geplaas, hartmonitors en kateters word ingesit en pulmonale wigdrukke, inname en uitskeiding word gemeet. Verskeie komplikasies ontwikkel. Een oggend na 'n lang bespreking van al die bloeduitslae, wigdrukke, ens. merk een van die dokters op dat alles blyk goed te gaan. "Ja", sê die dokter wat die bespreking gelei het, "Inderdaad, dit gaan goed, behalwe met die kind."

Ons kan die siekte behandel, maar ons vergeet dikwels van die pasiënt as geheel.

Volgens Lindeboom is dit juis hier waar 'n sieke om hulp vra. Geneeskunde is nie 'n beroep waar 'n dokter as 'n moreel neutrale tegnikus ingeroep word om 'n spesifieke probleem op te los nie.

### Wie bepaal wat sinvol is?

Om menslike lewe te behou, te beskerm en te verleng wanneer dit sinvol is, sê Van den Berg, klink logies, maar die vraag wat en wie bepaal wat sinvol is. Dit is hier waar die mediese etiek 'n belangrike rol speel. Veral die mediese etiek wat op God se Woord gegrond is.

Prof Klaas Schilder het gesê dat etiek, en ek pas dit toe op die mediese etiek, die manier van doen is in die mediese veld soos wat God dit wil hê in die hier en nou. Dit is nie die manier wat ons aflei uit die sondige, verwronge wêreld nie. God is nie die manier wat ons aflei uit die sondige, verwronge wêreld nie. God se wil vind ons in sy Woord, sy Wet. Maar, sê Schilder, hierdie wet het 'n verloop in die geskiedenis. God se wet kry in elke spesifieke tyd 'n bepaalde gedateerde toepassing. Dieselfde beginsels het 'n ander toepassing voor en na die Pinkster. Die mediese etiek wil dus God se wet in die bepaalde konkrete situasie toepas. So sê die HERE vandag. Dit is die taak van die mediese etiek as dit 'n woord vir die wêreld wil hê. Mediese etiek is daarom prakties en profeties !

Wat sê die HERE vandag in die gesondheidsorg oor hoe ons moet handel? Wat is die taak van die gesondheidswerker (dokter, verpleegster, en al die paramediese terapeute)? Wat is die taak van die pasiënt?

### Geen neutraliteit moontlik

Word en mag hierdie taak bepaal word deur die wil van die HERE? Moet 'n mens nie objektief neutraal bly nie? "Geen godsdiens en moraal in die spreekkamer nie asseblief!", word dikwels gehoor. Hierdie beoogde neutraliteit is 'n fiksie. Kan 'n mens jou indink in 'n diskussie oor lewe en dood, siekte en lyding, sonder om implisiet of eksplisiet blyk te gee van jou lewensoortuiging?

Hy wat in God glo as die Skepper van die lewe, kan nie maak asof hy nie met God te doen het in die uitvoering van sy taak as dokter, verpleegster, terapeut of sy taak as pasiënt nie. Want beide het

'n taak, vanuit christelike oogpunt. Ook die sieke, die pasiënt. 'n Taak van profeet, priester en koning wees in die gesondheidsorg.

## Profeet, priester en koning

Die dokter is profeet, priester en koning in die sorgverlening aan die pasiënt. Die pasiënt is profeet, priester en koning in sy siekte en ontvangs van sorg van die dokter. Dit is 'n hoë roeping agter Christus aan, ons hoogste profeet, priester en koning. Hy is die groot Geneesheer wat ook gebuk gegaan het onder die gevolge van die sonde - ook siekte.

Hierdie taak van beide die gesondheidswerker en pasiënt is bepalend vir 'n mediese etiek wat christelik wil wees. Dit sal ons ook by die antwoord oor die sinvolheid van die behoud, beskerming en verlenging van menslike lewe bring. Om God se wet vandag op die gesondheidsorg toe te pas, verg 'n deeglike besinning oor hierdie taak. Dit kan waarskynlik die beste saamgevat word in die profetiese, priesterlike en koninklike taak van die gesondheidswerker en pasiënt. Daaroor volgende keer.

**Dr. J.M. Boon** (Mediese praktisyn en lektor, Pretoria)

* * *

# DIE WARE EN VALSE KERK

## Probleemstelling

Calvyn sê in sy Institusie (4:1:9) oor die kerk: "Ons moet op geen enkele manier daaraan twyfel nie, dat oral waar ons sien dat God se Woord suiwer gepreek en aangehoor word, en die sakramente soos Christus hulle ingestel het, bedien word, daar 'n kerk van God is." Die begrippe ware kerk en valse kerk bly steeds onder teoloë aanvegbaar. Selfs in gereformeerde kerke [hulle wat art. 28-29 N.G.B. handhaaf], is daar sedert die reformasie in die sestiende eeu nog geen eenstemmigheid oor die interpretasie van hierdie terme nie. De Heraut (nr 2092), die bekende blad van dr. A. Kuyper, verklaar op 'n keer "dat niet vergeten mag worden, dat de Schrift te weinig positieve gegevens over de valse kerk biedt om zuiver schriftuurlike termen op te nemen."

## Kenmerke of merktekens

As hierdie oppervlakkige stelling waar sou wees, dan het die N.G.B. in art 28-29 te veel gesê. Met watter reg kan die Gereformeerde kerke dan nog aan hierdie artikels gebind wees? Maar dit is nie al nie. Kom die belydenis oor die merktekens van die ware en valse kerk dan nie ook in gedrang nie? Hierop wil ons 'n antwoord gee. Ons gebruik die begrip "merktekens" in plaas van "kenmerke". Dit is 'n beter vertaling van die oorspronklike "notae". Kenmerke word te veel verwar met eienskappe. By Rome word dit selfs geïdentifiseer. Die opskrif bokant die artikels van die N.G.B. bestaan nie in die oorspronklike tekste nie, maar is deur die vertalers aangebring.

## Kortpad deur geskiedenis

Noodwendig moet ons tot die uiterste toe oor die geskiedenisagtergrond kort wees. Luther beweer in sy geskrif "Teen Hans Wors" (1541) dat daar van die begin van die wêreld tot aan die einde twee kerke sal wees. Augustinus noem hulle Kain en Abel. Ook verbied Christus ons om die valse kerk te aanvaar en Hy onderskei twee kerke, die ware en valse, volgens Mat 7:15. Die volledigste uiteensetting oor die merktekens van die ware en valse kerke vind ons in Luther se geskrif "Van konsilles en kerke" (1539). Dit behels die suiwer prediking, die regte gebruik van die sakramente en die hantering van die sleutelmag volgens Mat 18:15-16.

## Calvyn en Rome

Ook Melanchton en Bullinger gee duidelike uiteensettings oor die ware en valse kerke met bewysplaas uit die Bybel. Van al die hervormers is Calvyn oor hierdie onderwerp die duidelikste en breedvoerigste. In die vierde boek (2.1-12) van sy Institusie wy hy 'n hele hoofstuk aan 'n "vergelyking van die valse met die ware kerk". Vir hom is die valse kerk ten eerste die Roomse kerk. Ja, dit is nog 'n kerk, maar "in plaas van die diens van die Woord bedryf hulle skole van goddeloosheid en 'n vuil versameling van allerhande dwalings. Daarom is hulle eintlik geen kerke meer nie en bly daar geen kenteken meer oor, om hulle van die wettige vergadering van gelowiges van die Turke se byeenkomste te onderskei nie" (Boek 4:2:10).

Calvyn wil nie graag sommer maklik Rome as kerk erken nie. En tog: "Hoewel ons dus nie die titel van kerk eenvoudig aan die pousgesindes wil toestaan nie, loën ons dit nie dat daar tog by hulle kerke is nie; maar ons stry vir die ware en wettiglike inrigting van die kerk, wat in die gemeenskap van die sakramente, wat 'n teken van die belydenis is, maar wat veral in die gemeenskap van die leer gevind word. Dat die antichris in die tempel van God sal sit, het Daniël (9:7) alreeds en Paulus (2 Tess 2:4) vooruit gesê. Ons reken dat die pous van Rome die leier en voorman van daardie slegte en verfoeilike ryk is." (Boek 4:2:12)

## Eerder Babilon as die heilige stad

Juis omdat daar volgens Calvyn in die Pousdom nog "kerke" is, blyk die valsheid van die kerk nog soveel te meer. In hulle word "Christus grotendeels begrawe en verborge, die evangelie word verduister, die vroomheid verdryf en die diens van God byna vernietig; in een woord, waar alles so verward is dat daar baie eerder die voorkoms van Babilon as die heilige stad van God vertoon word (Boek 4:10:12).

## Rome en die wederdopers

Ruimte ontbreek om nog meer gegewens oor die Reformatore se standpunte oor die ware en valse kerke te gee. Veral John Knox, die Skotse hervormer, is hieroor baie uitgesproke. Dat hierdie valse kerk ook nog in die gestalte van sektes na vore tree, sien ons duidelik in Calvyn se antwoord aan Kardinaal Sadoletus in 1539. Daarin beskryf hy selfs Rome as 'n sekte: "Van die kant van twee sektes, wat hemelsbreed van mekaar verskil, word ons aangeval. Want watter ooreenkoms is daar uiterlik tussen die pous en die wederdopers ...? Albei partye hanteer dieselfde aanvalswapen teen ons. Want terwyl hulle die mond vol het oor die Gees, strewe hulle beslis na niks anders nie as om God se Woord te onderdruk en te begrawe nie." (Vgl. Calvyn se "Responsio" van 1539, p 25).

Teen hierdie historiese agtergrond [verteenwoordigend van 'n algemene konsensus onder die Reformatore] moet ons die belydenis oor die ware en valse kerke in art. 28 en 29 van die NGB sien.

## Skrifgegewens

Alle Reformatore, sonder uitsondering, het die onderskeiding tussen ware en valse kerk op die Heilige Skrif gegrond. Dit kom hoofsaaklik op die volgende neer: Jesus Christus self het teen die valse kerk gewaarsku [Mat.7:15; 24:5,24,25; Joh. 10:1 ev; 16:2 ev.]. By sy afskeid aan die ouderlinge van Efese waarsku die apostel Paulus teen die wrede wolwe, die valse leraars, wat die kudde sal verskeur [Hand.20:29]. Hy wys ook op die werk van die antichris wat sy plek in die tempel van God sal inneem en voorgee dat hy God is [2 Tess 2:4]. Die apostel Petrus vertel van die valse leraars in die kerk "wat verderflike ketterye heimlik sal invoer" [2 Pet 2:1]. Ook die apostel Johannes waarsku teen die Antichris en die "baie antichriste ... wat van ons uitgegaan het" [1 Joh. 2:18,19]. Hy waarsku ook teen die "baie valse profete" en roep die gemeente op om die "geeste" [= ideologieë] op die proef te stel [1 Joh 4:1]. Hierdie voortdurende stryd tussen die ware en valse kerk sien die Reformatore alreeds in die Ou Testament in bv. Gen .3:15, tussen Jakob en Esau, die stryd tussen Dawid en Saul, die worsteling van Jeremia teen die valse profete, ens.

## Grondliggende vraag: wat is die kerk?

Die problematiek oor die ware en valse kerke sal altyd bly voortsleep en die strydvraag oor. artt 28-29 sal voortdurend 'n twispunt wees, as ons nie die primêre vraag oor die wese van die kerk beantwoord nie. Die begrippe waar en vals is tog attribute van die kerk. In kort, wat bedoel die NGB in hierdie artikels met die begrip kerk? Dit is ook nodig dat ons na die ander artikels van die NGB en ook na die Heidelbergse Kategismus kyk.

## Vergadering of samekoms

Art. 27 van die NGB bely 'n heilige vergadering of samekoms. Dit is jammer dat die woord samekoms nie in die Afrikaanse vertaling opgeneem is nie. Beide hierdie woord is in die oorspronklike Franse (congregation et assemblee) en Latynse (congregatio seu coetus) tekste. In die Latyn is dit "congregatio" vir vergadering en "coetus" vir samekoms. Congregatio kom van die woord "grex" wat kudde beteken. 'n Kudde word deur 'n herder, 'n skaapwagter, bymekaar gemaak. Hierdie herder kies en roep sy skape. Hy volg 'n sekere beplanning. Daar is 'n "raadsplan" sodat dadelik gesien kan word waarop dit afstuur. Van hierdie keuse en "raadsplan" begryp die skape niks nie en daaroor is hulleself totaal magteloos. Die belangrike feit is dat die herder aktief is en die skape passief. Die herder neem die inisiatief, die herder beplan alles waarom, waar en wanneer. Die herder roep en laat sy stem hoor. Die herder versamel en beskerm sy kudde wat hy bymekaarmaak. Hy lei hulle na groen weivelde (Ps 23).

In Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus vind ons presies dieselfde gedagte. Dit is die Seun van God wat alle inisiatief met sy gemeente neem: Dit is Hy, Jesus Christus, wat die gemeente wat uitverkies is, vergader, beskerm en onderhou.

Die woord "coetus" vir samekoms wat in die Afrikaanse vertaling uitgeval het, kom van coeo = om saam te gaan, om hulleself te versamel, om met mekaar te verenig. Hier is dus sprake van 'n aksie deur die skape van die kudde. Op die daad van die goeie herder wil hulle dus ook saamwees. Die orde is uiters belangrik: eers "congregatio" en daarna "coetus"; eers Christus se vergaderingswerk, eers die vervulling van God se raadsplan, eers die stem van die Goeie Herder deur sy Woord en Gees en dan gelowiges wat saamkom. Hulle kom bymekaar, want hulle het een Here, een geloof, een doop [Ef 4:5]. Ons het Hom lief, omdat hy ons eerste liefgehad het [1 Joh 4:19].

### Kerk [gemeente] as resultaat

Na die vergadering deur Christus deur sy Gees en Woord [congregatio] en die aksie van die gelowiges wat as vrug van hierdie vergaderingswerk tot die kerk saamkom [coetus], volg die resultaat, naamlik die "gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is" [HK sondag 21]. In art. 28 van die NGB word hierdie gemeente die "een en dieselfde liggaam" genoem. So word die kerk ook in artikel 29 die liggaam noem. Let wel, nêrens noem die Skrif die kerk as die openbaring van die liggaam van Christus nie, maar dat die kerk die liggaam van Christus IS. Die idee van "openbaring van" is 'n geforseerde konstruksie wat in die Dogmatiek ingedra word.

### Uitverkorens

Op aarde is hierdie vergaderingswerk en die samekoms, nl. die gemeente, nog gemeng met huigelaars [art. 29] en is dit nog onvoltooid. In die hemel is hierdie resultaat wel onvermengd met huigelaars, maar nog steeds onvoltooid. Daar wag die lede van die kerk - volgens Open. 6 - nog op hulle finale volkome verlossing en die voltooiing van Christus se vergaderingswerk [congregatio] en die saamgaan met hulle broeders [coetus]. Die uiteindelike resultaat is volgens die Gereformeerde Doopsformulier: Die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe.

Prof. V.E. d'Assonville

Ander werke geraadpleeg:

POLMAN, Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis, p314-316
LUTHER, Sämtliche Werke, 1830, 26,11,12; 26,315,316
KNOX, History of the Reformation in Scotland.

* * *

## OP PAD NA SINODE 2000

### Christus regeer sy kerk deur die middel van kerkrade

Na die nasionale sinode van die GKSA in Januarie 1997 heers daar onrus in die kerke. Twee sake is nie afgehandel nie. Een is die ontvanklikheid van 'n beswaarskrif oor die toelating van vroue tot die besondere ampte. Die ander saak gaan oor die vraag of die gebruik van kelkies by die nagmaal, benewens of in die plek van die beker, in die lig van die Skrif verantwoord kan word. Die sinode het deputate benoem wat oor die twee onafgehandelde sake moet besin om die volgende sinode wat - as die Here dit wil - in die jaar 2000 plaasvind, van advies te bedien. Die derde saak wat reeds afgehandel is, maar wat ook onrus veroorsaak, is die sinode se ingrypende besluit oor die liturgie in die erediens. Die onrus ontstaan deur vrae wat na aanleiding van die genome besluite opkom.

### Vraagstukke

Wat moet die kerke (insluitende die lidmate) met die liturgie-besluit en in die algemeen met besluite van meerdere vergaderings doen? Is hulle verplig om dit sonder meer uit te voer? Is dit dalk geoorloof om besluite van meerdere vergaderings in die argief te bêre en aan te gaan asof daar niks besluit is nie? En wat van sake waaroor studiedeputate sal besin? Mag kerkrade die resultate van die besinning en die besluite wat die sinode van 2000 sal neem, vooruitloop en optree asof die sinode reeds besluit het? Of moet die bestaande toestand, die status quo, ten minste tot die sinode van 2000 gehandhaaf word?

Om op hierdie en moontlike ander vrae die regte antwoord te vind, word in enkele artikels aandag gegee aan die vergadering en regering van die kerk. Die eerste artikel van die kort reeks handel oor ons Here Jesus Christus se regering van die kerk deur die middel van kerkrade.

### Die Hoof van die kerk

Christus het sy kerk gekoop. Hy het vir sy volk met die hoogste prys betaal, die prys van sy lewe. Die goeie Herder het sy lewe vir die skape afgelêê (Joh 10:11). Hy het die gemeente deur sy eie bloed verkry (Hand 20:28). Die kerk is sy duur gekoopte eiendom.

Ons Here wat na en op grond van sy kruisdood alle mag in die hemel en op die aarde ontvang het (Mat 28:18; 1 Kor 15:24-28), kry in die Skrif kerklike eretitels. Die Opperherder (1 Pet 5:4), die groot Herder van die skape (Heb 13:20), is die Hoof van die kerk (Ef 1:22, 4:15, Kol 1:18). Die kerk beaam hierdie Skrifwoorde in die belydenis, dat Hy Jesus Christus as die enigste Hoof erken (NGB art 29). Hy is die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk (NGB art.31), 'n ewige Koning wat nooit sonder onderdane kan wees nie (NGB art. 27). Die Seun van God vergader vir Hom (ja, vir Hom) 'n gemeente uit die hele menslike geslag (HK antw 54).

Hoe vergader die verheerlikte Here Christus wat aan die regterhand van God sit, sy kerk op die aarde onder die nuwe verbond en hoe oefen Hy van die Pinksterdag af tot sy wederkoms sy mag oor die kerk vanuit die hemel uit? Die HERE se openbaring in die Nuwe Testament gee duidelike antwoorde op hierdie vrae.

## Die Hoof vergader plaaslik

Na die hemelvaart van Christus stig die apostels wat Hy aangestel het, van plek tot plek gemeentes of kerke. So lees ons in die boek Handelinge. Die apostel Paulus rig die meeste van sy briewe aan plaaslike kerke, naamlik aan die kerke van Rome, Korinte, Efese, Filippi, Kolosse, Thessalonika en Laodicea. Die laasgenoemde brief word in Kol 4:16 vermeld. Johannes, die banneling op die eiland Patmos, sien die verheerlikte Christus nie by een kandelaar nie, maar tussen sewe kandelaars, sewe selfstandige gemeentes (Open 1:13,20). Elkeen van hulle ontvang 'n brief wat die Heiland vir Johannes dikteer (Op 2 en 3).

Die Nuwe Testament leer nie dat Christus een landskerk of een wêreldwye georganiseerde kerk vergader nie. Nee, Hy vergader sy kerk van plek tot plek. Elke plaaslike kerk is voluit kerk, nie 'n afdeling van 'n land- of wêreldwye kerkorganisasie nie. Die plaaslike kerkvergadering is die uitgangspunt van skriftuurlike kerkregering. Geen kerk het die bevoegdheid om oor ander kerke te regeer nie. Die GKSA bely die skriftuurlike uitgangspunt van plaaslike kerkvergadering in hulle kerkordelike voorskrif: "Geen (plaaslike) kerk mag oor ander (plaaslike) kerke ... enige heerskappy voer nie" (KO art. 84.)

Die Hoof regeer deur die middel van die kerkraad

## Ouderlinge

Die HERE openbaar verder in die Nuwe Testament dat "in elke gemeente" ouderlinge gekies en aangestel is (Hand 14:23). Ons lees onder meer van die ouderlinge in Jerusalem (Hand 15:2; 21:18) en van die opsieners in Filippi (Fil 1:1) dat hulle 'n welomskrewe opdrag kry: "Gee ag op julleself en die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg (Hand 20:28; 1 Pet 5:2). "Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is" (1 Pet 5:2). Hierdie toesig bestaan uit baie aktiwiteite wat die Nederlandse geloofsbelydenis in artikel 30 samevattend weergee.

## Kerkraad is die enigste regeerliggaam

Die ouderlinge vorm saam die kerkraad. Die apostel herinner Timotheüs aan die genadegawe wat aan hom "gegee is deur die profesie met die handoplegging van die ouderlinge (1 Tin 4:14). In die Griekse grondteks staan nie "ouderlinge" (presbuteroi) nie maar die "presbuterion", die raad van die ouderlinge of die kerkraad. Die Here roep en stel Timotheüs in die besondere amp van prediker-ouderling aan deur die middel van die kerkraad. Die kerkraad is die enigste kerklike regeerliggaam in die Nuwe Testament.

In ooreenstemming met hierdie Skrifgetuienis bely ons dat die Here sy kerk deur die middel van die kerkraad regeer (NGB art.30). Die Skrif en die belydenis verleen aan geen instansie buite die kerkraad enige bevoegdheid om die kerk te regeer nie. Nie die gemeente nie, maar die kerkraad is geroep om die kerk te regeer. Nie 'n klassis, partikuliere-sinode, nasionale of algemene sinode nie, maar die kerkraad alleen ontvang volgens die Skrif en belydenis die opdrag om die kerk te regeer.

## Plaaslike kerkregering

Ouderlinge(insluitende die predikante) is in 'n plaaslike kerk gekies, geroep en in hulle amp bevestig. Die plaaslike verkiesing, roeping en bevestiging impliseer dat hulle regeerbevoegdheid tot die plaaslike kerk beperk is. 'n Ouderling in Athene wat in Korinthe as regeerder optree, dring in die diens van die ouderlinge in Korinthe in. Openbare indringing in die diens van 'n ander is een van die sondes wat 'n ampsdraer skorsing- en afsettingswaardig maak (KO, art. 79-80).

Die beperking van die gesag van ouderlinge tot die plaaslike kerk word in die gereformeerde kerkorde ten volle gehandhaaf. Die plaaslik beperkte take en bevoegdhede van predikante, ouderlinge en diakens vorm die uitgangspunt van die bepalings in artikel 4,5,7,10 en 22-25 van die kerkorde.

## Dienende gesag

Christus regeer sy kerk deur die middel van sy ouderlinge. Hulle gesag is dienend, bedienend. Hulle bedien die mag van ons Here. Bedienende gesagsuitoefening stel hoë eise aan elke predikant en ouderling. Vir hulle geld in die eerste plek Skrifwoorde soos: "Luister na Hom", die Seun van God (Mat 17:5). "As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God; as iemand dien, laat dit wees soos uit die krag wat God verleen, sodat God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus" (1 Pet 4:11). Wees onderherders van die Opperherder. Tree "nie as heersers oor die erfdeel (op) nie, maar as voorbeelde vir die kudde" (1 Pet 5:3).

## Die stem van die Here

Die verkondiging van die Woord is reg as die gemeente in die woorde van die predikant die stem van die goeie Herder hoor. 'n Huisbesoek dra vrug wanneer die lidmaat of lidmate mag vasstel: Die Here het deur die mond van die ouderlinge met my of met ons gepraat.

Ouderlinge het die bevoegdheid en die opdrag om die gemeente in al hul doen en late aan die Woord van God te bind. Hierdie alomvattende opdrag kan nie sonder voortdurende gebed deur die lidmate

vervul word nie. Ten minste weeklikse voorbidding vir ons bedienaars van die Woord en die ouderlinge mag nie in ons huisgodsdiens en persoonlike gebede ontbreek nie.

## As die ouderlinge afwyk ...

Ouderlinge is en bly sondige mense. Die regeerders van die kerk moet noukeurig "oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie" (NGB art 32). As 'n ouderling bo of teen die reël van die Skrif bind, handel hy teen die Goddelike opdrag "om nie te dink bo wat geskrywe is nie" (1 Kor 4:6). So 'n ouderling behoort in die amp van die gelowige vermaan te word. Ons verwerp tog "alle menslike versinsels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing". Ons moet tog "aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense" (Hand 5:29; 4:19).

As die afwykende ouderling na die vermaning nie wil luister nie en bo of teen die Skrif bly bind, is ons in die amp van gelowige geroep om die kerkraad daaroor in te lig. Wanneer die kerkraad saam met die ouderling afwyk, is die saak in gereformeerde kerke nie afgehandel nie. Dan mag ons by wyse van appèl die hulp van die kerkverband inroep. Maar hieroor nou nie meer nie. Die verhouding van die plaaslike kerk en kerkverband kom in die vervolg van hierdie artikelreeks aan die orde.

Dr. J.G. Meijer (Pretoria)

* * *

## DEIST: DIE NALATENSKAP

*"Maar sal die Seun van die mens by sy koms nog geloof op die aarde vind?"* Luk 18:8

Ferdinand Deist is op 12 Julie 1997 oorlede. Ten tye van sy afsterwe was hy hoof van die Departement Ou Naby Oosterse Studie aan US. Min Suid-Afrikaanse teoloë het in hulle leeftyd soveel impak gehad op beide die populêre en akademiese teologie.

"Hierdie is 'n tipiese Deist-boek: prikkelend, uitdagend, omstrede, appèlerend, soms selfs profeties". So lui die woorde van 'n resensent van een van die talle boeke van skepper van uitdrukkings soos "Bybelmoeg" en "kerkvoos". Oor geloofsake kon Deist sommer lekker loslit skryf, reguit op die man af. By hom was dit aanvaarbaar om te twyfel. 'n Mens hoef nie noodwendig seker te wees van jou geloof nie. Sou jou Godsbegrip verskil van dié in die kerkbelydenis, lê die fout eerder by die dogmatici.

### Deist se oplossing

By nadere ondersoek blyk dit dat Deist nie 'n oorspronklike denker was in dié opsig dat hy met nuwe teologiese sisteme vorendag gekom het nie. Tog het hy daarin geslaag om die post moderne Afrikaner se stryd met sy gereformeerde erfenis raak te sien, te verwoord en in sommige gevalle selfs vooruit te loop. Die oplossings wat hy aangebied het, is egter dieselfde oplossings waarmee Karl Barth met sy dialektiese teologie vroeër die eeu in Europa vorendag gekom het.

In beide gevalle is die kerk van onse Here Jesus Christus skade aangedoen. In beide gevalle is die Woord van God, nadat dit as histories onbetroubaar afgemaak is, vervang met 'n vorm van Christelike mistisisme, waarin menslike ervarings die enigste verwysingsraamwerk bied.

### Deist en die kánon

Die eerste metode waartoe Deist hom wend om die Bybelboeke as 'n geheel te verklaar, is die redaksiegeskiedenis. Volgens hom is die Bybel 'n "biblioteek", wat oor duisende jaar saamgestel is. met stigtelike poësie, soos in die Psalms, liefdesgedigte soos Hooglied, fabels soos in Rigters 9, ernstige wysbegeerte soos Prediker, volksverhale soos in Genesis, preekbundels soos in die Profeteboeke, historiese romans soos Ester, novelles soos die Josef-verhaal, private korrespondensie soos die briewe aan Timoteus, ope briewe soos die briewe in Openbaring, reisverhale soos in Handelinge, ensovoorts.

Die Bybel word dus nie gesien as 'n voltooide eenheid (die kanonbenadering ) nie, maar as "'n biblioteek", met baie geskrifte. Waar en of "die biblioteek" uiteindelik afgesluit gaan word, het Deist nooit gesê nie. Op grond waarvan kon bv. *The Tibetian Book of the Dead*, *The Aquarian Gospel of Jesus the Christ*, die apokaliptiese voorspellings van Nostrodamus of Siener van Rensburg nie ook deel wees van "die biblioteek" nie? Ons weet nie.

### Skrif-met-Skrif vergelyking

'n Verdere gevolg van Deist se kanonbeskouing is dat die eenheidskarakter van die Bybel aangetas word. Die Bybel word dus in verskillende teologieë opgebreek: die teologie van Paulus teenoor die teologie van Markus teenoor die teologie van Johannes, ens.

Deist het daarom ook 'n probleem gehad met die gereformeerde metode van Bybeluitleg deur Skrif met Skrif te vergelyk. Hierdie manier van Skrifhantering het ons van die Reformatore geë rf en, volgens Deist, het hulle nie genoeg kennis oor die agtergrond van die Bybel gehad om te besef

dat dit nie sal deug nie. Daarby het die groot Reformatoriese teoloë, op hulle beurt, glo eksegetiese opleiding by die Jode gehad. Dit was glo 'n tipiese rabbynse gebruik om die Bybel as 'n organiese eenheid te sien.

## Die Histories-kritiese metode

Ferdinand Deist, wat in baie opsigte as spreekbuis en verteenwoordiger van bogenoemde Skrifbeskouings opgetree het, het sy gebruik van die metode soos volg gemotiveer: "Wie derhalwe omdat hy die Bybel as geskiedenis wil lees, die gegewens daarin met mekaar probeer harmoniseer of die probleme daarin "wegverklaar" of die Bybel as geskiedenisboek probeer "red" deur 'n ongeoorloofde gebruikmaking van argeologiese gegewens en hersingsgimnastiese interpretasies, hanteer die Skrif op 'n ongehoorsame en selfs ongelowige wyse en maak die teologiese werk oor die Skrif 'n ongeloofwaardige doenigheid.

So 'n doenigheid moet noodwendig daarop uitloop dat die teoloog, by gebrek aan wetenskaplike oortuigingskrag, moet uitgryp na bepaalde belydenispostulate om nog die skrif te "red". So byvoorbeeld sal so 'n teoloog, gekonfronteer met bepaalde historisiteitsprobleme in die Skrif, uitgryp na die belydenis oor die gesag en onfeilbaarheid en betroubaarheid van die Skrif, om sy vertrekpunt, naamlik dat die Skrif as geskiedenis gelees moet word, staande te hou: Wanneer sy argumentasie in terme van die historiese metode, in terme waarvan sy ondersoek kragtens sy vertrekpunt moes verloop, vasloop, gryp hy uit na sy postulaat dat die Skrif tog "betroubaar" is. Maar daardeur is 'n ongeoorloofde deduksie vanuit die belydenis gemaak en is die vraag nog nie gestel of die betroubaarheid van die Skrif wel op daardie bepaalde vlak lê nie. Die teoloog kan nie, terwyl hy sê dat sy werk histories van aard is, 'n metode anders as die historiese metode gebruik nie. Doen hy dit nie, boet hy geloofwaardigheid in."

## Baasspelerig

Die tirannie van die historiese metode is in die voorafgaande duidelik sigbaar. Volgens Ou Tesatamentikus Walter Kaiser glo ons tog dat die Skrif bedoel was om gelees en verstaan te word. Hulpmiddels in dié verband behoort verwelkom te word, maar wanneer dit baasspelerig teenoor ander skrifbeskouings begin optree, behoort sodanige hulpmiddel of metode op sy plek gesit te word.

Die vastigheid en algemeengeldigheid van "die historiese metode" kan óók bevraagteken word namate sommige metodes na vore tree en ander weer aanhang verloor. Om te verwys na 'n "historiese metode" is in sigself 'n twyfelagtige onderneming en dit is te betwyfel of dit in sigself altyd 'n geloofwaardige "doenigheid" is.

## Skrif en Geloof

Op watter vlak lê die betroubaarheid van die Skrif indien dit nie op die historiese vlak te vinde is nie? Deist stel dit in 'n latere publikasie onomwonde dat "ons nog steeds ons belydenis oor die betroubaarheid van die Bybel kan bely en terselfdertyd met erns kennis neem van die resultate van Skrifnavorsing". Dan blyk dit dat die Bybel ten spyte van al die tekortkominge tog 'n betroubare gids na God toe is!

Dit is duidelik dat Deist ten spyte van sy aanwending van die histories-kritiese Skrifbeskouing tog nog in God wou glo. Hoe egter gemaak as jy die primêre bron van God se openbaring wantrou? In alle billikheid moet gesê word dat hy die probleem self ingesien het toe hy by geleentheid gesê het: "...we are faced with a crisis in Old Testament theology because we abandoned one paradigm before constructing an alternative".

## God as die "Gans Andere"

Wat kan jy dan dus sê oor die God waarin jy wil glo? Op hierdie punt het Deist hom ook volledig by Karl Barth aangesluit. Ook hy beskryf God as die "Gans Andere". "Ons kan maar slegs oor God in beelde praat. Ons kan hoogstens 'n metafoor gebruik as ons na God verwys. Want Hy is die Gans Andere wat nie in 'n dogmatiekboek vasgeskryf kan word of in 'n kerklike leerstuk vereng kan word nie."

## Die Heilige Gees en die geloof

Deist ontken klaarblyklik die gedeeltes in die Skrif waar die Skrif oor sigself getuig. Hy soek die getuienis van die Skrif in die ervaring, in dit wat die Heilige Gees ons laat ondervind. In dié verband haal hy Art. 5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis aan en lig dan die gedeelte uit wat handel oor die getuienis van die Heilige Gees in mense se harte. Hy vermy egter die daaropvolgende gedeelte wat sê dat ons die gesag van die Skrif aanvaar, omdat: "Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself,..."

## Wat bly oor?

Uiteindelik kom ons voor dié probleem te staan: as die proses van die beoordeling op die Skrif afgehandel is, sal daar nog genoeg daarvan oorbly om Woord van God genoem te word sodat die kritici self beoordeel kan word?

Deist waak ooglopend daarteen om enige dogmatiese uitsprake te maak, alhoewel daar soms tog dogmatiese afleidings uit sy stellings gemaak kon word. So het hy bv. in sy bespreking van Nietzche (By die Kruispad:1979) die volgende geskryf: "Dat Nietzche dinge gesê het wat nog steeds onaanvaarbaar sal bly vir Christene, is duidelik. Niemand sou seker saamstem dat ons 'n immorele God het nie - net om die liefde én die haat, die vrede en die geweld te verklaar. Niemand sou seker ook met Nietzche wou terugkeer na 'n veelgodedom waarin dit moontlik is om dinge in teenspraak met mekaar te laat staan nie." Die vraag is: Hoekom nie? As die Heilige Skrif gereduseer is tot 'n "biblioteek", as ons die openbaring slegs op die subjektiewe ervarings van feilbare mense laat neerkom, kan ons nog hoegenaamd beweer dat iets "onaanvaarbaar" is? Die Zen-Buddisme en Taoisme handhaaf al vir eeue lank die siening dat God immoreel is en dat die pole van lig en donker, goed en kwaad, in hom opgesluit lê. Ons vind 'n veelgodedom by die Hindu's, wat in ons tyd algaande aanvaarbaarder word vir talle Westerlinge wat van hulle Bybelse ankers los geraak het. Op grond waarvan kon of mag Deist dit afgewys het?

## Gevolge

Dit is duidelik dat Deist verkies het om aan die histories-kritiese navorsing van Bybel deel te neem sonder om die radikale konsekwensies van die liberale teologie te aanvaar.

Prof. Sakkie Spangenberg van UNISA het inderdaad die Deist-denkproses tot op sy logiese konsekwensies deurgevoer toe hy in 1996 die stelling gemaak het dat die Bybel uiteindelik maar net nog 'n geestelike boek langs die ander geestelike boeke van die wêreld is. Dit behoort op dieselfde vlak beoordeel te word en dieselfde gesag behoort daaraan toegeken te word. Daar sal, volgens Spangenberg, slegs vir die kerk in die komende eeu plek wees indien 'n verdraagsame houding teenoor die nie-Christelike godsdienste ingeneem word.

## Nalatenskap of Bankrotskap?

Walter Kaiser se opsomming t.o.v. die Historiese kritiese metode en wat daaruit voortgevloei het, verdien om volledig aangehaal te word: "History itself has already supplied her judgement on this procedure, for it is all too common today to hear the scholarly lament about the minimalistic inheritance, indeed, the vacuum that negative criticism has bequeathed to her adherent. There apppears to be very little, if anything, left on which to build a theology or a message. Surely the current theological bankruptcy of much of negative criticism is the best answer to our question."

In aansluiting hierby kan ons terselfdertyd ook vra of die dalende lidmaatgetalle, die krimpende teologiese fakulteite en die byna wanhopige pogings tot vernuwing van Suid-Afrikaanse kerke met gereformeerde belydenis nie grootliks aan die geestelike nalatenskap van die Deist-denkskool te wyte is nie.

**G. Opperman**

Bibliografie:

DEIST, F.E. 1976 Historiese Heuristiek, Teologiese Hermeneutiek en Skrifgesag. Port Elizabeth: UPE Navorsingspublikasie C11.
DEIST, F.E. 1979. By die Kruispad. Gedagtes rondom die geloof in God. Kaapstad:Tafelberg.
DEIST, F.E. 1986. Tussen Kansel en Kateder. Pretoria: Van Schaik.
FLOOR, L. 1986. Die kloof tussen kansel en kateder. Die Kerkblad. 31, Nov. 5.
KAISER Jr., W.C. 1987. Toward Rediscovering the Old Testament. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

* * *

## BOEKBEKENDSTELLING

Waarheid en Dwaling beveel die volgende boeke aan en hulle is bestelbaar by FOLMER BOEKHANDEL, tel 012 329 0031, Posbus 11607, Queenswood 0121.

⋆ Prof. K Schilder. Een Schrift-geleerde aan het Woord. (Deel 2). Dit is 'n keuse uit die preke van Schilder, wat ingelei en toegelig word deur ds. J.J.C. Dee. Prys R85.70

⋆ Geneeskunde in die Bybel. In hierdie boek deur H.P. Wasserman word vrae beantwoord soos: Was melaatsheid in die ou tyd dieselfde as vandag? Was daar apteke, dokters, spesialiste en verpleegsters in Dawid se tyd? En hoe klop die wondergenesings in die evangelies met die geneeskunde? Onderwerpe wat uitgebreid behandel word, is: die reinheidswette in Levitikus, sielkunde en psigiatrie in die Bybel, Job se siektes en Paulus se doring in die vlees, ongevalle tydens oorloë en ander veldtogte asook 'n omvattende lys van pasiënte in die Bybel. Prys R59,95

⋆ Dood-zonde deur dr P Groenenberg. Hierdie Nederlandse boek handel oor die sonde teen die Heilige Gees. Dit is 'n leersame boek vir elke christen wat bang is dat hy daardie sonde begaan het, of wat met ander christene hieroor moet praat of hulle moet help. Prys R91.90.

# Grondslae

*van*

# Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

★ *Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

★ *Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

★ *Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..............................

Adres:..............................

..............................

..............................

Poskode:..............................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:..............................

Datum:.............................. Handtekening:..............................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a Ds. A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS